# 'n EMPIRIESE STUDIE OOR DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

## AFDELING A

## HOOFSTUK I

### Die geskiedkundige verband van die resultate van ondersoekingswerk oor die sosiale ontwikkeling van die adolessent

### 1. Geskiedkundige oorsig

Dit is haas onmoontlik om in kronologiese volgorde 'n oorsig te gee van al die ondersoekinge wat uitgevoer is t.o.v. die ontwikkeling van die adolessent en meer bepaald van sy sosiale ontwikkeling, veral omdat gedurende die laaste drie of vier dekades baie werk op dié terrein gedoen is. Ons volstaan dus met verwysing na enkele ondersoekers en hulle benadering van die adolessensie [1]. Die besondere metodes wat in die ondersoeke gebruik is, sal later bespreek word [2]. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die studie van die adolessensie val in drie kenmerkende fases na aanleiding van die benadering van hierdie tydperk: 'n wysgerige, mediese en uiteindelik psigologiese benadering. Saam met die laasgenoemde benadering speel die opvoedkundige beskouings oor die adolessent, vanuit ons standpunt beskou, ook 'n belangrike rol, sodat ons daaraan ook aandag moet wy.

#### (a) Vroegste benaderinge van die adolessensie.

Die vroegste benadering van die adolessensie aan ons bekend, nl. deur die Griekse skrywers PLATO (427 - 347 v.C.) en ARISTOTELES (384 - 322 v.C.), was wysgerig van aard.

ARISTOTELES/...

---

1) 'n Volledige oorsig kom voor in die volgende werke:
Boring: A History of Experimental Psychology.
Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde.
Flugel: A Hundred years of Psychology.
Murphy: A Historical Introduction to Modern Psychology.
Peters (Editor): Brett's History of Psychology.
van Dael: Geschiedenis der Empirische Psychologie.

2) Sien bl. 60.

ARISTOTELES het o.a. een van die ontwikkelingsfases van die mens die puberteit genoem en het die aanvang van hierdie fase gestel op ongeveer 14 jaar, wanneer die jongmens geslagtelik ryp word en ander fisiese puberteitsveranderinge ondergaan [1]. Hy het sekere karaktertrekke wat kenmerkend van hierdie fase is, opgemerk deur die metode van waarneming gepaard met deurdenking en dit duidelik gestel dat hierdie karaktertrekke eerder aan die onrypheid en gebrek aan ervaring van die jeug as aan hierdie fisiese veranderinge toegeskryf moet word.

Vir baie eeue hierna het die studie van die sielkunde en gevolglik ook van die adolessensie niks verder gevorder as dat daaroor nagedink is nie. In die Christelike tydperk het Augustinus hierdie nadenke aangevul met introspeksie om tot nuwe kennis te kom [2].

In die sg. donker eeue, (500 - 1200 n.C.) en die middeleeue, (1200 - 1500), is die kulturele lewe in Wes-Europa gekenmerk deur 'n belangstelling in die teologie met die gevolg dat veral oor die wese en bestemming van die siel wysgerige spekulasies gevoer is [3].

Meer moderne skrywers bv. LOCK, ROUSSEAU, FROEBEL, SPENCER, e.a. het voortgegaan en het algemene wysgerige beskouings oor die kind en sy opvoeding gelewer, beskouings wat nie suiwer sielkundig van aard is nie maar subjektief en volgens bepaalde wysgerige teorieë [4]. LOCKE gaan van die standpunt uit dat die gees van die kind by geboorte 'n tabula rasa is wat volgeskryf moet word deur die gewaarwordings, waarnemings en voorstellings, soos wat hulle deur sy opvoeding verskaf word. ROUSSEAU sluit hierby aan maar sê verder dat die kind van nature rein is en dat die opvoeding

die/...

---

1) Aristotle: The Works of Aristotle (Translated into English under the Authorship of W.D. Ross) Vol. IX, Historia Animalium, 581.

2) Peters (Editor): Brett's History of Psychology, 204.

3) Boring: A History of Experimental Psychology, 7.

4) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 8.

die natuurlike ontwikkeling van die kind nie moet teengaan nie. Vir FROEBEL is die siel van die kind in sy wese volmaak maar vir SPENCER is die kind die produk van 'n natuurlike ewolusie [1].

Uit die bostaande voorbeelde is dit duidelik dat daar tot aan die einde van die agtiende eeu geen uitgebreide wetenskaplike ondersoekingswerk in die sielkunde onderneem is nie en daarom kan daar ook geen sprake van resultate op die terrein van die studie van die adolessensie wees nie.

(b) Mediese benadering van die adolessensie.

Die opvallende fisiese puberteitsveranderinge was een van die aanleidende oorsake tot die uiteindelike studie van die adolessensie as fase van ontwikkeling. Vanselfsprekend het fisioloë en medici die belangrikste aandeel aan hierdie ondersoekingswerk gehad terwyl psigoloë aandag aan die vraagstuk geskenk het in soverre as wat die fisiese aspekte 'n invloed uitoefen op die psigiese gesteldheid en psigiese ontwikkeling van die adolessent [2].

Sedert die begin van die negentiende eeu het die opvallende fisiese puberteitsveranderinge die aandag van fisioloë in beslag geneem. OSIANDER het reeds in 1795 'n tabel opgestel om die leeftyd aan te toon waarop die fisiese puberteitsveranderinge by meisies 'n aanvang neem [3]. Hierdie werk is voor die helfte van die negentiende eeu opgevolg deur verskeie monografieë oor die fisiologiese aspek van die puberteit. Die puberteit van meisies is medies bestudeer en slegs terloopse aandag is aan die psigiese aspekte daarvan bestee [4].

Die/...

1) Coetzee: Inleiding tot die algemene Empiriese Opvoedkunde, 9.
2) Hurlock: Adolescent Development, 65.
3) Carmichael (Editor): Manual of Child Psychology, 634.
4) Ibid. 634.

Die ondersoekingswerk i.v.m. die fisiese en fisiologiese aspekte van die adolessensie is deur verskeie navorsers onderneem [1] en gaan veral oor die leeftyd waarop die fisiese puberteitsveranderinge 'n aanvang neem, die belangrikheid en invloed van hierdie veranderinge op die psigiese ontwikkeling van die adolessent asook sy gedrag, sosiale belangstelling en vriendskapsverhoudings.

(c) Psigologiese benadering van die adolessensie.

Die geskiedkundige ontwikkeling van die sielkunde word gekenmerk deur 'n strewe om los te kom van die wysbegeerte waarvan dit 'n baie lang tydperk 'n onderdeel was. Hiertoe het die filosowe self bykans sonder uitsondering 'n belangrike deel bygedra [2]. So het IMMANUEL KANT teen die einde van die agtiende eeu belangrike invloed op die ontwikkeling van die psigologie uitgeoefen deur die begrippe ken, gevoel en strewing in te voer. „Kant's equation of science with measurement, and his appeal to experience as the only foundation for the formulation of psychological laws, prepared the way both for the separation of philosophy and psychology, and the quantitative developments of the latter that have become so prominent a feature of the last hundred years" [3].

HERBART (1776 - 1841) se publikasies in 1816 en 1824 - 25 was in die ware sin van die woord die eerste twee handboeke/...

---

1) Publikasies oor hierdie onderwerp sluit o.a. die volgende skrywers in: Crampton (1908), Brill (1921), Hauptmann (1924), Abernethey (1925), Furfey (1926), Hetzer (1926, 1927), Conklin et al. (1927), Bühler (1927), Küpky (1927), Baldwin (1928), Leal (1929, 1931), Kubitschek (1932), Goldschmidt (1934), Todd (1937), McCance et al. (1937), Stone & Barker (1937), Shuttleworth (1938), Brush (1938), Hurlock & Sender (1939), Bayley (1940), Sollenberger (1940), Altmann et al. (1941), Greulich et al. (1942), Talbot (1943), Stolz & Stolz (1944), Shock (1945).

2) Flugel: Hundred Years of Psychology, 13.

3) Ibid. 14.

handboeke oor psigologie. Veral is die klem wat hy op „Erfahrung" laat val van belang asook sy standpunt dat hy nie kan insien hoe 'n eksperiment in sielkunde uitgevoer kan word nie [1]. HERBART het verder daarin geslaag om die opvoedkunde met die sielkunde te verbind sodat die opvoedkunde waarskynlik die eerste terrein geword het waarop die sielkundige beginsels toegepas is [2].

In die negentiende eeu is die strewe na feitekennis wat reeds in 'n sekere mate in die Renaissance merkbaar was [3], bevredig in die natuurwetenskappe en die natuurwetenskaplike metode. As gevolg van die sukses in die natuurwetenskappe tydens die eerste helfte van die negentiende eeu het die psigoloë probeer om op hierdie metode op hulle eie veld van ondersoek groot sukses te behaal. In werklikheid het fisika, fisiologie en psigologie baie in gemeen in die studie van sensasies. Hieronder val veral navorsings t.o.v. gesigsgewaarwordinge, gehoorsgewaarwordinge, reaksietye, ens. en ondersoekers soos YOUNG, HELMHOLTZ, FECHNER, DONDERS, HERING, LOTZE, JOHANNES MÜLLER, e.a. het baie belangrike werk gelewer [4].

WILHELM WUNDT het in 1879 die eerste sielkundelaboratorium te Leipzig gestig en 'n groot aantal studente daarheen getrek, o.a. die Amerikaners G. STANLEY HALL, CATTEL, WOLFE, PACE, SCRIPTURE, ANGELL, WITMER, WARREN, ens. Uit die vasteland van Europa het hy o.a. as studente gehad KIRSCHMANN, LEHMANN, KÜLPE, MARBE, ens. en uit Engeland het hy TITCHENER as student getrek [5]. Hierdie studente van WUNDT het na die voltooiing van hulle studies teruggegaan na hulle lande en in baie gevalle self sielkundelaboratoria

opgerig/....

---

1) Flugel: A Hundred Years of Psychology, 16.

2) Ibid. 12.

3) Boring: A History of Experimental Psychology, 9.

4) Murphy: An Historical Introduction to Modern Psychology,(146-159).
Flugel: A Hundred Years of Psychology, 160 - 175.

5) Ibid. 179.

opgerig sodat eksperimentele psigologie vinnig veld gewen het. Die invloed van WUNDT deur middel van sy studente kan dus nie oorbeklemtoon word nie en word verder aangevul deur sy publikasies in 1873 - 74, 1896 en 1911.

Hoewel hierdie ondersoekingswerk van die grootste belang is in die ontwikkeling van die eksperimentele sielkunde, het dit nie resultate gelewer op die terrein van die sosiale ontwikkeling van die adolessent nie.

G. STANLEY HALL was die baanbreker wat die adolessensie as terrein van ondersoek in die sielkunde geplaas het toe hy in 1882 die aandag gevestig het op die psigologiese aard van sekere verskynsels van die adolessensie en ook die noodsaaklikheid van 'n studie van die adolessensie as fase beklemtoon het [1]. Hy het dan ook daarin geslaag om die belangstelling van sy studente en ander ondersoekers in hierdie fase te wek sodat verskeie van hulle aandag aan die adolessensie begin skenk het. So het BURNHAM (1891) deur middel van vraelyste en persoonlike verslae van ppe. die verskynsel van „storm en drang" in hierdie fase beklemtoon. Hy het egter nie die mens in hierdie lewensperiode bestudeer nie, maar volwassenes versoek om retrospektief op te tree en hulle ervaringe dan te formuleer. Hy was die eerste ondersoeker wat van die outobiografiese metode, aangevul deur dagboekmateriaal, gebruik gemaak het [2].

In Duitsland weer het PREYER baanbrekerswerk gedoen in sy publikasie van 1881 oor die siel van die kind [3].

Die publikasie van Mej. W.M. SHINN (1900) nl. „The Biography of a Baby" volg nou en in 1904 verskyn G. STANLEY HALL se groot werk „ADOLESCENCE" (in twee dele). HALL gaan hierin van die kerngedagte uit dat die psigiese

ontwikkeling/...

---

1) Carmichael, (Editor): Manual of Child Psychology, 634.

2) Ibid. 635.

3) Coetzee: Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, 10.

ontwikkeling van die indiwidu dieselfde weg volg as wat die ras in sy ewolusie deurgemaak het [1]. Hoewel hierdie grondgedagte verwerp word, bly die data wat in hierdie werk gepubliseer is van groot waarde. Dit gaan oor byna alle aspekte van die adolessent se ontwikkeling, o.a. oor groei, siektes, jeugmisdaad, seksontwikkeling, verandering in stem en sintuie, instinkte, godsdienstige bekerings, primitiewe inlywingseremonies, opvoeding van die adolessente meisie, ens. Hierdie werk het die volledigheid en aard van 'n inventaris aangeneem. Hoewel HALL nie 'n aanduiding gegee het van metodes en rigtings vir verdere ondersoek nie, het hierdie werk die grondslag gelê van talle latere ondersoekings deur sy studente en ander ondersoekers wat meer wetenskaplik, sistematies, omvattend en gespesialiseerd saamgestel was. Verskeie werke oor die adolessensie wat na hierdie datum verskyn het, het min of meer dieselfde indeling as HALL gevolg [2]. HALL kan egter as die grondlegger van die „Kinderstudiebeweging" wat nou op die voorgrond tree, beskou word [3]. In 1904 verskyn „Educational Psychology" van E.L. THORNDIKE en ander publikasies oor opvoedkundige vraagstukke van sielkundige aard.

In Duitsland het daar in hierdie tydperk 'n werklike behoefte aan wetenskaplike kennis van die jeug bestaan [4].

Uit hierdie behoefte aan kennis van die jeug spruit die ondersoek van hierdie fase wat in 1911 en 1912 in Duitsland mode geword het, veral die studie van die organisasie, party, vereniging, ens. [5]. Hierdie ondersoekingswerk is egter nie op streng wetenskaplike gronde gedoen nie en die betekenis daarvan was ook nie groot nie. Die Duitsers het

die/...

---

1) Hall: Adolescence, Vol. I, bl. 2.

2) Carmichael: Manual of Child Psychology, 636.

3) Coetzee: Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, 10.

4) Bingle: Enkele Godsdienstige Opvattinge van die Middelbare Skoolleerling, 13 - 14.

5) Ibid. 17 - 18.

die Amerikaanse metodes van ondersoek veral oor die godsdiens van die jeug verwerp maar nie iets beters in die plek daarvan gestel nie. Gepaard daarmee kan die feit genoem word dat hulle aandag op die psigologie van die volwassene aan die een kant en van die kind aan die ander kant toegespits is en die tydperk tussenin, nl. die adolessensie, is links laat lê [1].

As gevolg van die verwaarloosde toestand van die jeug in Duitsland na die eerste wêreldoorlog, is die aandag opnuut op die psigologie van die jeug toegespits deur die leiers van jeugbewegings, die psigologie en ook die pedagogie, selfs in so 'n mate dat van die „tydperk van die jeug" gepraat kan word [2].

In Duitsland verskyn nou 'n groot aantal werke oor die psigologie van die jeug [3].

'n Belangrike kenmerk van die studie van die adolessensie wat reeds in die negentiende eeu in 'n sekere mate verskyn het en in die twintigste eeu verder posgevat het, is die verskynsel dat die aandag van ondersoekers op afsonderlike aspekte van die adolessensie toegespits is. Daar is besef dat die studie van die adolessent te omvattend is om maklik deur 'n enkele navorser gehanteer te word sodat die meeste ondersoekers slegs 'n enkele aspek van die adolessensie bestudeer het. In gevalle waar 'n omvattende studie oor die adolessente fase gepubliseer word, is die

werk/...

---

1) Bingle: Enkele Godsdienstige Opvattinge van die middelbare Skoolleerling, 17.

2) Ibid. 20.

3) Publikasies oor hierdie onderwerp sluit o.a. die volgende skrywers in: Kesselring (1919, 1920), Bobertag (1920), Eichhorn (1921), Hoffmann, W. (1921), Bohne, (1922), Hofman, J. (1922), Zulliger (1923), Frash (1924), Schweitzer (1924), Spranger (1925), Stern (1925, 1927), Fischer (1926), Klimpel & Riemann (1926), Leuschner (1926), Schlemmer (1926), Bopp (1927), Bühler (1927, 1928, 1929, 1931), Cordier (1927), Füllkrug (1927), Küpky (1927), Tumlirz (1927), Eichele (1928), Frick (1928), Teugler (1928), Buchholz (1929), Dehn (1929), Leitner (1930), Scholtz (1930), Winzen (1931).

werk dikwels onderneem deur 'n hele span ondersoekers wat elkeen in 'n onderafdeling gespesialiseer het.

Op hierdie wyse is die aandag o.a. toegespits op die mediese aspek waarvan ons reeds melding gemaak het [1]. Verder onderskei ons nog die godsdienstige aspek van die adolessensie, emosionele ontwikkeling, verstandelike ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, die studie van die adolessent wat hom skuldig maak aan wangedrag, 'n studie van die adolessente seun, die adolessente meisie, en uiteindelik ook versamelwerke wat deur verskillende skrywers onderneem is omdat elkeen op sy eie terrein gespesialiseer het en goeie werk daarin kan lewer. Ander skrywers het hulle weer gewend tot primitiewe kulture om uit inisiasieseremonies wetenskaplike gegewens oor hierdie ontwikkelingstydperk te verkry.

Die godsdienstige ontwikkeling van die adolessent is veral in Amerika en Duitsland bestudeer. In Amerika het die sg. „revival"-predikers die eerste stap gedoen om gegewens te versamel oor die persone wat onder hulle prediking tot bekering gekom het, maar dit was veral G. STANLEY HALL wat pionierswerk op die terrein gedoen het en deur ander ondersoekers nagevolg is [2]. Ondersoekingswerk oor die godsdienstige ontwikkeling van die jeug gaan o.a. oor die vraagstuk of die jeug godsdienstig is, sy houding teenoor godsdiens, wat hy glo, watter begrippe hy oor die godsdiens opgebou het, sy gebede, belangstelling, bekerings, veranderinge wat die godsdienstige opvattinge ondergaan, twyfel,

kerkbesoek/...

---

1) Sien bl. 3.

2) Publikasies oor hierdie onderwerp sluit o.a. die volgende skrywers in: Hall (1882, 1904), Starbuck (1899), Coe (1900, 1916, 1917), James (1902), Leuba (1916), Case (1921), Mudge (1923), Bigelow (1924), Moxcey (1925), Jones (1926), Howels (1928), Küpky (1928), Brooks (1929), Watson (1929), Griffin (1929), Young (1929), Betts (1929), MacLaen (1930), Katz & Allport (1931), Allport (1931), Leonard (1932), Dudycha (1933), Hollingworth (1933), Carlson (1934), Arnold (1934), Garrison (1934), Dimock (1936, 1937), Cole (1936), Bell (1938), Hicks & Hayes (1938), Orr & Brown (1939), Gilliland (1940), Weaver (1944), Kuhlen & Arnold (1944), Moreton (1944), Landis (1945), Muhl (1947), Horrocks (1951), Malm & Jamison (1952), Kuhlen (1952).

kerkbesoek, kerklike verenigingslewe, godsdiensonderrig vir die jeug, ens.

In Duitsland is die godsdiens van die jeug aanvanklik nie bestudeer nie veral omdat hulle nie die Amerikaanse metodes aanvaar het of iets anders in die plek daarvan gestel het nie. Eers in 1924 verskyn 'n studie van Küpky oor die godsdienstige ontwikkeling van hoërskoolleerlinge [1]. Dit word nou opgevolg deur verskeie publikasies, o.a. werke van CORDIER (1927), EICHELE (1928), DEHN (1929), BOLLEY (1930), LEITNER (1930), en andere.

In Engeland was die studie van die godsdiens van die adolessensie veral toegespits op religieuse voorligting van die jeug, terwyl BAVINCK in Holland veral aan die godsdienstige probleme en die voorligting van die adolessent aandag geskenk het [2].

Die adolessensie is ook bestudeer deur middel van inlywingseremonies van primitiewe volkere en publikasies hieroor sluit skrywers in soos DANIELS (1893), HALL (1904), EISELEN (1929), BAVINCK (1932) en MEAD (1939).

Die emosionele ontwikkeling het die aandag van verskillende ondersoekers in beslag geneem [3]. Hierdie studies het beklemtoon dat die adolessensie 'n tydperk van „storm and stress or heightened emotionality" [4] is. Die emosies van die adolessent toon 'n wisseling tussen uiterstes en openbaar 'n gebrek aan beheersing in die uiting

daarvan/...

1) Bingle: Enkele Godsdienstige Opvattinge van die middelbare Skoolleerling, 21.

2) Ibid. 24.

3) Publikasies oor hierdie onderwerp sluit o.a. die volgende skrywers in: Moore (1919), Gates (1926), Stratton (1926), Kambouropoulon (1926, 1930), Stratton (1927), Charlotte Bühler (1927), Cason (1930), William Stern (1930), Wheeler (1931), Cason & Chalk (1933), Meltzer (1933), Bonner (1936), Meltzer (1937), Stone & Barker (1937), Hicks & Hayes (1938), Lunger & Page (1939), Pintner & Lev (1940), Sakellarion (1940), Jersild et al. (1941), Marsh (1942), Conrad & Jones (1942).

4) Hurlock: Adolescent Development, 110.

daarvan sodat dit dikwels die vorm van buie aanneem. 'n Verhoogde emosionele toestand kan veroorsaak word deur die noodsaaklikheid van gedurige aanpassings - sosiale toestande en sosiale omgewings!

In die ondersoekingswerk waarvan hierbo gemeld is, is veral van die dagboekmetode en die vraelysmetode gebruik gemaak om gegewens te bekom. Die studies het gegaan oor vrees, kommer, woede, jaloesie, aangename sowel as onaangename emosies, ens. Verder is die faktore wat emosionaliteit beïnvloed soos swak gesondheid, intelligensie, seks, ens., en die uitwerking van die emosies op die adolessent self sowel as die mense met wie hy in aanraking kom, bestudeer - ook die sosiale aspek!

'n Volgende aspek in die ontwikkeling van die studie van die adolessent is die besef wat geleidelik posgevat het dat die psigologie van die adolessente meisie van dié van die seun verskil. Die gevolg hiervan was dat ondersoekingswerk onderneem is t.o.v. elkeen van die twee geslagte [1].

In navolging van ander ondersoekers oor die adolessensie word hierdie studie beperk tot die sosiale aspek in die ontwikkeling van die adolessent. Dit is dan noodsaaklik om na te gaan wanneer en hoedanig ondersoekingswerk op hierdie terrein gedoen is.

(d) Sosiale benadering.

Vanaf die tyd van die Griekse skrywers PLATO en ARISTOTELES tot in die eerste deel van die negentiende eeu is slegs nagedink oor die wette van sosiale gedrag en is

die/...

1) Publikasies oor die psigologie van die adolessente seun of meisie sluit o.a. die volgende in: Moxcey (1916), Pruette (1924), Vecerka (1926), Bühler, Charlotte (1927), Füllkrug (1928), Richmond (1928, 1933), Blanchard (1930), Chadwick (1932), Partridge (1933), Means (1936), Hertzler (1940), van Dyne (1940), Washburne (1941), Marsh (1942), Lewis (1943), Grayson (1944), Shryock (1951 en 1951), Gallagher (1952), Franck et al. (1953).

die sosiale interaksie van mense op mekaar beklemtoon [1]) sonder dat enige wetenskaplike navorsing op die terrein van die sosiale ontwikkeling van die mens gedoen is.

Dit is belangrik dat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu in die eksperimente van psigoloë wat die sintuie volgens die natuurwetenskaplike metodes bestudeer het, geen aandag aan die sosiale aspek gewy is nie. „In these studies it seldom occurred to the investigator to consider the influence of the social experience of his subject or even the social influence exerted by the experimenter or other persons in contact with the subject [2]).

By die oorgang tot die tweede helfte van die negentiende eeu het BAIN in 'n studie van die interaksie tussen indiwidue asook sosiale gedragspatrone en BRAID in 'n studie oor suggestie, aandag aan die sosiale aspek gewy.[3]). In 1894 het SCIPIO SIGHELE „La folla deliquente" gepubliseer waarin hy die sosiale funksies van nabootsing en suggestie beklemtoon en die begrip groepgees (crowd mind) ingevoer het. Die Franse sosioloë TARDE en LE BON het nabootsing en suggestie as bepalende faktore in sosiale gedrag by SIGHELE oorgeneem en hulle publikasies aan die einde van die negentiende eeu het in Amerika ingang gevind deur die werk van EDWARD A. ROSS en ook J. MARK BALDWIN [4]).

Op die terrein van die sosiale sielkunde het McDOUGALL (1908) met sy „Introduction to Social Psychology" 'n nuwe begrip, nl. die instinkteleer met gepaardgaande emosies, ingevoer. 'n Sterk belangstelling in die instinkteleer het nou gevolg en verskeie skrywers het gepoog om hierdie menslike drifte of strewinge te benoem, o.a. THORNDIKE

(1913)/...

---

1) Murphy, Murphy & Newcomb: Experimental Social Psychology, 3.
2) Ibid. 3.
3) Ibid. 4.
4) Dunlap: Civilized Life, 5.

(1913) in „Original Nature of Man" en WOODWORTH (1918) in „Dynamic Psychology". Teenstand teen hierdie begrip het egter nie uitgebly nie en vanaf 1919 ontstaan die anti-instinkbeweging onder leiding van DUNLAP e.a. totdat in die dertigerjare 'n afname in die belangstelling van die instinkteleer weer ingetree het [1].

Dit is egter eers vanaf die begin van die derde dekade van die twintigste eeu, veral sedert 1936, dat daar in die ondersoekingswerk oor die adolessensie sterk nadruk op die sosiale aspek in sy ontwikkeling gelê word [2]. Wat HALL met sy ontogenese en filogenese in 1904 in 'n mate reeds besef het, het van nou af 'n breër toepassing begin kry. REUTER, FOSTER, MEAD et al. (1936) en REUTER (1937) [3] is hiervan belangrike voorbeelde.

Die klem wat daar nou op die sosiale aspek in die ontwikkeling van die adolessent begin val, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die ondersoekers begin besef het dat die adolessent se gedrag nie alleen deur sy biologiese status bepaal word nie maar ook deur die gemeenskap waarin hy hom bevind - die vraagstuk van natuur en kultuur het dus hier ook 'n woord begin meespreek [4]. Die belangrikheid van albei aspekte word beklemtoon deur SOLLENBERGER wat sê dat die jongmens se inpassing en aanpassing by die samelewing nie sonder inagneming van die fisiologiese aspek

hierop/...

---

1) Murphy, Murphy & Newcomb: Experimental Social Psychology, 5/6.
2) Die volgende skrywers het o.a. oor die sosiale aspek gepubliseer: Garret (1920), Perrin (1921), Bowden (1926), Furfey (1926, 1927), Hetzer (1926), Terman (1926), Vecerka (1926), Küpky (1927), Bühler (1927, 1928, 1929, 1933, 1935), Cowley (1928), Leal (1929), Shannon (1929), Additon (1930), Bellingrath (1930), Hartshorne & May (1930), Katz & Allport (1931), Leal (1931), Fleming (1932, 1935), Garrison (1933), Hildreth (1933), Hollingworth (1933), Partridge (1933, 1934), Spaulding (1933), Cattell (1934), Mather (1934), Partridge (1934, 1938), Pressey & Robinson (1934), Burgess (1935), Dimock (1935, 1937), Moore (1935), Page (1935), Tead (1935), Vreeland & Corey (1935), Bogardus & Otto (1936), Symonds (1936), Smith & Nystrom (1937), Sowers (1937), Stolz et al. (1937), Runner (1937), Winslow (1937), Stone & Barker (1937, 1939), Courtenay (1938), Hunter & Jordan (1939), Sollenberger (1939, 1940), Tryon (1939), Campbell (1940), Crowley (1940), Dunkerley (1940), Lucina (1940), Meek (1940), Stott (1940), Van Dyne (1940), Chaffey (1941), Washburne (1941), Redl (1942), Jones (1943), Kuhlen & Lee (1943), Reynolds (1944), Fleege (1945), Wood (1946).
3) Carmichael: Manual of Child Psychology, 636.
4) Ibid. 637.

hierop gesien kan word nie [1]. In 1921 reeds het PERRIN gevind dat 'n mooi voorkoms die adolessent help om makliker in te pas in sy sosiale omgewing omdat hy dan makliker deur sy maats as een van hulle aanvaar word [2]. Volgens HURLOCK (1929) maak adolessente ook gebruik van klere om fisiese tekortkominge of gebreke te verbloem en weg te steek, terwyl hulle ook klere gebruik om die beste in hulle liggaamsbou te beklemtoon [3]. SILVERMAN (1945) bevestig hierdie belangrikheid van kleredrag in die sosiale ontwikkeling van die adolessent [4].

Ons volstaan met bostaande voorbeelde uit ondersoekingswerk om aan te toon dat verskillende faktore 'n bepalende rol speel in die sosiale ontwikkeling van die adolessent soos in die volgende bladsye aangetoon sal word.

2. Die adolessent se sosiale ontwikkeling en opvoeding.

Voordat oorgegaan kan word tot die behandeling van die sosiale ontwikkeling en opvoeding van die adolessent is dit noodsaaklik om hierdie lewensfase eers in sy algemene verskyning te omlyn.

(a) Die adolessent.

Die term adolessensie dui 'n hele tydperk in die ontwikkeling van die mens aan, 'n oorgangstydperk of groei en ontwikkeling vanuit die kinderstadium tot volwassenheid. Aan die een kant onderskei ons die onontwikkelde kind wat fisies, emosioneel, verstandelik, psigies en sosiaal, ja, in elke opsig nog onryp is en aan die ander kant die volwassene wat rypheid op al hierdie terreine bereik het. Hierdie oorgangstydperk behels ingewikkelde veranderinge in die ontwikkelende jongmens en word deur VAN DER HORST saamgevat in die woord „rijping" [5]. GARRISON praat ook van

ryping/...

---

1) Carmichael: Manual of Child Psychology, 637.
2) Hurlock: Adolescent Development, 468.
3) Ibid. 469.
4) Ibid. 469.

5) van der Horst: Inleiding in de Hedendaagsche Zielkunde, 94.

ryping maar dan beperk hy dit hoofsaaklik tot die ryping van die geslagsorgane terwyl hy tog ook 'n wyer betekenis aan die woord heg [1] wat al dadelik aandui dat dit hier eerder gaan om 'n proses as om 'n toestand.

BINGLE gee 'n duidelike omskrywing van die adolessent waar hy sê: „Hy is geen kind nie maar ook geen volwassene nie; hy staan tussen die twee in op die ontwikkelingspad van onvolwassenheid na volwassenheid" [2]. Verskeie ander skrywers onderskryf hierdie opvatting [3]. Die adolessent is dan iemand wat besig is om te groei en te ontwikkel, alhoewel verskillende aspekte van ontwikkeling deur verskillende skrywers as meer deurslaggewend beklemtoon word. So sê LANDIS bv.: „Adolescence and youth comprise that period of life when the individual is in process of transfer from the dependent irresponsible age of childhood to the self reliant, responsible age of adulthood" [4]. Vir HORROCKS is die adolessensie iets meer as 'n tydperk of stadium in die menslike ontwikkeling. Dit is nl. 'n lewenswyse waarvan die nawerking en uitwerking tot in die volwassenheid merkbaar is [5].

Omdat die adolessent in 'n oorgangstydperk verkeer, is daar nog nie die vastigheid, sekerheid en doelgerigtheid wat in die handelinge en opvattinge van die volwassene gevind word nie. In hierdie ontwikkelingsproses kom die onervare persoon te staan voor situasies en probleme wat groter rypheid en ervaring verg, sodat hy gedwonge nuwe vaardighede moet aanleer en sy denke by nuwe situasies moet aanpas. Dit is ook daarom dat die groei en ontwikkeling van die adolessent, die oorgangstydperk soos ons dit genoem het, alle aspekte van sy lewe dek en wel die fisiese en

verstandelike/...

---

1) Garrison: Psychology of Adolescence, 3.

2) Bingle: Enkele Godsdienstige Opvattinge van die Middelbare Skoolleerling, 30.

3) Kuhlen: Psychology of Adolescent Development, 25.
Malm & Jamison: Adolescence, 3.

4) Landis: Adolescence and Youth, 21.

5) Horrocks: The Psychology of Adolescence, Preface, xi.

verstandelike ontwikkeling, die ontwikkeling van die strewingslewe, die emosionele, godsdienstige, morele ontwikkeling en uiteindelik ook die sosiale ontwikkeling.

Skrywers verskil oor die afbakening van hierdie tydperk. Volgens SPRANGER val die adolessensie vir meisies tussen 12 en 19 jaar en vir seuns tussen 14 en 22 jaar [1]. Volgens BROOKS val hierdie tydperk tussen 12 en 13 jaar tot 20 jaar [2], en volgens LANDIS bereik die adolessent eers in sy of haar drie- of vier-en-twintigste jaar volwassenheid [3]. In navolging van WATERINK wil ons egter ons studie beperk tot die tydperk tussen 12 en 18 jaar [4], veral omdat die meeste leerlinge wat Transvaalse middelbare skole besoek, waar hierdie ondersoek uitgevoer is, in hierdie ouderdomsgroep val [5].

(b) Sosiale ontwikkeling.

Sosiale ontwikkeling gaan gepaard met en geskied deur indiwiduele ontwikkeling. Iemand wat as indiwidu nie behoorlik ontwikkel is nie sal nie 'n volwaardige lid van die samelewing kan wees nie. As gevolg van sy natuurlike aanleg of geneentheid tot die gemeenskap is die mens in die eerste plek 'n indiwidu maar hy is ook 'n indiwidu in die gemeenskap [6]. „There is a fundamental need for belonging to a social group, whether it be the home, the school or the play group [7]. In die gemeenskap kom die adolessent in aanraking met mense, familie of vreemdes, wat ouer, jonger of net so oud soos hy is en hy staan noodwendig in 'n verhouding tot elkeen met wie hy in aanraking kom. Die sosiale ontwikkeling van die adolessent beteken dan dat hy moet leer om om te gaan met sy huismense

en namate/...

1) Spranger: Psychologie des Jugendalters, 31.
2) Brooks: Psychology of Adolescence, 1.
3) Landis: Adolescence and Youth, 21.
4) Waterink: Puberteit, 56.
5) Sien tabelle III en IV.
6) Waterink: Theorie der Opvoeding, 511 - 512.
7) Hurlock: Adolescent Development, 152.

en namate sy sosiale omgewing uitbrei, ook met maats, bv. op skool en uiteindelik met volwassenes in die samelewing daarbuite.

By die aanvang van die adolessensie word die jongmens op 'n besondere wyse van homself as 'n aparte indiwidu bewus en die vraag ontstaan al dadelik by hom wat sy plek in die sosiale gemeenskap is, daardie gemeenskap waaraan hy 'n inherente behoefte het. Tot dusver het hy nog nie tot sy bevrediging daarin geslaag om met ander mense in die samelewing waarin hy beweeg, om te gaan nie met die noodwendige gevolg dat hy nog nie presies weet wat sy rol en funksie in die samelewing is nie. Tog bring hierdie bewussyn van sy lidmaatskap van die samelewing mee dat die aandeel wat hy aan die gemeenskapslewe het geleidelik vergroot word totdat hy uiteindelik meen dat die welsyn van hierdie gemeenskap in 'n groot mate van sy doen en late afhanklik is.

(b) Opvoeding.

Onder opvoeding word oor die algemeen verstaan 'n wisselwerking tussen mense. Aan die een kant staan die opvoeder, d.w.s. die persoon of persone wat die opvoedingsproses doelbewus in 'n bepaalde rigting stuur en aan die ander kant die opvoedeling of persoon wat deur hierdie proses beïnvloed word. Verder word onderskei tussen opsetlike, doelbewuste beïnvloeding in spesifieke leersituasies soos deur die ouers, onderwysers of ander opvoeders bewerkstellig en onopsetlike opvoeding of beïnvloeding waar die inwerking van een persoon op 'n ander toevallig, onbewus en onopsetlik geskied.

Wanneer ons van die opvoeding van die adolessent praat, het ons in gedagte die proses waardeur 'n onvolwassene tot volwassenheid opgevoed word. Praat ons verder van die sosiale opvoeding van die adolessent, word daarby ingesluit die hele proses van inpassing en aanpassing in die sosiale

gemeenskap/...

gemeenskap of gemeenskappe waarin die adolessent beweeg. „Deur middel van sosiale omgang met andere, deur die voorbeeld van sy medemens, deur die onopsetlike of opsetlike voorligting, onderrigting en vorming word die enkeling geoefen, gevorm en ontwikkel tot 'n sosiaal bruikbare mens". [1] Ook in die opvoeding gaan die sosiale altyd gepaard met die indiwiduele opvoeding soos hierbo reeds aangetoon is.

Die doel van die opvoeding is daarin geleë dat elke mens op aarde geplaas is met 'n besondere doel en opdrag met die gevolg dat die opvoeding moet meewerk om dit ten uitvoer te bring. Die opvoeder moet dus 'n duidelike begrip hê van die doel wat God vir die opvoedeling gestel het, sodat hy hom daarvolgens kan lei en opvoed.

Alhoewel ons praat van die onmiddellike of nabysynde doel, die verwyderde doel en die uiteindelike doel in ons lewe en opvoeding [2] volg hulle nie op mekaar nie maar is gelyktydig van krag, maar die onmiddellike word meer voor oë gehou as die ander twee. Nie een van hierdie doeleindes word op aarde ooit volkome bereik nie sodat die proses van opvoeding ook nooit afgesluit kan word nie maar eers by die dood voleindig word. Die bereiking van die ideaal wat in die opvoeding nagestreef word, is afhanklik van dit wat die opvoedeling psigies, fisies, sosiaal, ens., as erfenis ontvang het.

Een van die nabysynde doelstellings in die opvoeding van die adolessent, hoewel dit prinsipieel vir ons nie die belangrikste is nie, is sy sosiale vorming en ontwikkeling. Volgens die opvatting van DEWEY vir wie hierdie doel die belangrikste is, beteken dit dat die

opvoedeling/...

---

1) Coetzee: Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, 274.

2) Ibid. 268.

opvoedeling moet leer om selfstandig op te tree in die lewe om in sy eie behoeftes te voorsien, sodat hy nie 'n las op die samelewing sal wees nie maar eerder 'n bydrae kan lewer tot die welsyn van sy medemens, m.a.w. sosiaal bruikbaar sal wees [1].

3. <u>Die sosiale gemeenskappe waarin die adolessent beweeg.</u>

Soos reeds aangedui, gaan sosiale ontwikkeling gepaard met indiwiduele ontwikkeling en geskied dit teen die agtergrond van die sosiale gemeenskap of gemeenskappe waarin die adolessent hom bevind en waarin hy daagliks beweeg. Onder hierdie sosiale gemeenskappe word ingesluit die ouerhuis, die skool, ouderdomsgroepe of klieke, sportklubs en die verenigingslewe asook die kerklike gemeenskap met alles wat in verband daarmee staan en uiteindelik die samelewing daarbuite.

Elkeen van hierdie sosiale gemeenskappe waarin die adolessent beweeg het 'n eie sosiale kode, reëls, beperkinge, voorregte, verantwoordelikhede, toelaatbare en ontoelaatbare gedrag, ens., en dikwels is hierdie gedragswyses of patrone in regstreekse botsing met mekaar[2]. Hierdie groepe of gemeenskappe kan los van mekaar sonder enige verband staan, sodat die adolessent hulle kan skei en 'n dubbele en soms selfs 'n antagonistiese rol in meer as een gemeenskap kan speel [3]. Waar die adolessent in meer as een rol optree deurdat hy lid is van meer as een sosiale gemeenskap, word sy probleme vererger want wat miskien in die een gemeenskap as reg aanvaar word, kan in die ander gemeenskap waaraan hy ook deel het as onbehoorlik verwerp word [4].

Hierdie botsende omstandighede gepaard met 'n miskenning van die adolessent in sommige van die sosiale gemeenskappe/...

---

1) Dewey: The School and Society.
Democracy and Education.

2) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 22.

3) Ibid. 22.

4) Garrison: Psychology of Adolescence, 12.

gemeenskappe waarin hy beweeg, wek ontevredenheid met die bestaande toestande en die begeerte om hierdie toestande te hervorm, indien moontlik. Hierdie ontevredenheid kom veral op die voorgrond wanneer hy soos 'n laerskoolkind behandel word terwyl hy alreeds die middelbare skool besoek, wanneer hy skeef aangekyk word as hy met iemand van die teenoorgestelde geslag omgaan, wanneer hy nie toegelaat word om daadwerklik deel te neem aan die organisasie van sosiale byeenkomste nie, wanneer hy nie dieselfde kleredrag as die volwassene mag aantrek nie, wanneer hy die kamer moet verlaat as daar besoekers vir die ouer broers of sy susters of sy ouers kom, ens.

In die indiwiduele ontwikkeling van die adolessent self, bestaan verskeie redes vir hierdie ontevredenheid, bv. dat hy nog soos 'n kind behandel word, dat sy vermoë om met 'n mate van selfvertroue in die publiek op te tree, misken word en dat sy aanspraak op 'n billike kans om hom uit te leef in sosiale verband ignoreer word en vrees en skaamte dat hy voor andere swak sal vertoon, ens.

(a) Die ouerhuis as sosiale gemeenskap.

Die ouerhuis is die eerste sosiale omgewing van die kind en bly die intiemste sosiale omgewing ook van die adolessent. Hier staan hy in 'n besondere verhouding tot sy ouers, broers en susters, familiebetrekkinge en vriende van die gesin, besoekers en selfs bediendes in diens van die huisgesin. Die huisgesin gee veelvuldige geleentheid vir emosionele en sosiale aanpassing want dit is hier waar elke mens sy eerste lesse leer in die omgang met ander mense soos hyself maar elkeen van hulle met 'n eie persoonlikheid, eie begeertes, eie verlangens, eie strewings. Dit is dan ook in hierdie intieme en nouere kring waar die adolessent leer wat dit beteken om van ander te ontvang, maar veral ook wat dit beteken om aan ander te gee, m.a.w. aanpassing by mense en sosiale ontwikkeling. „This in fact is one of the

responsibilities/...

responsibilities of the family - to produce well-adjusted persons who can assume their place in society when once they break away from the family circle".[1)]

Die huisgesin kan beskou word as 'n arena of oefenskool waar die adolessent die geleentheid kry om te leer hoe om hom aan te pas by situasies wat in die lewe daarbuite mag ontstaan. Hierdie aanpassings geskied noodwendig volgens sekere norme en opvattinge van die huisgesin [2)] terwyl die opvattinge en houdinge van die huisgesin weer in 'n groot mate beïnvloed en bepaal word deur die gemeenskap waarvan die huisgesin 'n deel is.

Die invloed van die huisgesin is baie sterk omdat die adolessent in die ouerhuis woon en sy lewe en gewoontes by die van die ander lede van die gesin moet aanpas, bv. by hulle etenstye, die woongeriewe wat aan hom toegestaan word, gebruik van die radio, ontvangskamer, telefoon, motor en ander geriewe. Ook persoonlike sake soos klere, sakgeld, boeke, besoeke aan vriende, ens., staan alles in verband met die verskillende lede van die gesin. Die gesinsinvloed word nog verder uitgebrei deur onderlinge gesprekke of gesprekke met besoekers oor onderwerpe soos mense, sakeaangeleenthede, politiek, godsdiens, ens. Ook die voorbeeld van die ouer lede van die gesin t.o.v. liefde of haat, lojaliteit of wantroue, vriendelikheid, hoflikheid, wreedheid, ens., is almal faktore wat die vorming van die persoonlikheid en karakter van die adolessent beïnvloed [3)].

Verskeie ondersoekers het o.a. die rol van die ouerhuis as sosiale gemeenskap beklemtoon. So het STAGNER (1937) gevind dat die gemis aan 'n gelukkige huislike lewe

'n bepalende/...

1) Schneiders: The Psychology of Adolescence, 396.

2) Kuhlen: The Psychology of Adolescent Development, 553.

3) Malm & Jamison: Adolescence, 27.

'n bepalende invloed het op die emosionele stabiliteit van die adolessent. Afwykings van die normale lewe wat by die vader voorkom, het 'n groter invloed op die adolessent as dieselfde afwykings wat by die moeder voorkom. Indien die optrede van die ouers van so 'n aard is dat die adolessent hulle idealiseer, het hierdie feit 'n stabiliserende invloed op sy emosies en gee dit aan die adolessent selfvertroue [1].

STOTT (1939) het die resultate van persoonlikheidstoetse vergelyk met die gegewens verkry uit vraelyste oor die huislike lewe van adolessente. Hy het bevind dat die huisgesin en toestande wat daar heers in 'n groot mate bepaal of die adolessent sal ontwikkel tot 'n persoonlik goed aangepaste en sosiaal bruikbare wese [2].

Mc KINNEY (1941) het groepe goed aangepaste en swak aangepaste studente deur middel van vraelyste met mekaar vergelyk en gevind dat die goed aangepaste groep tuis reeds geleenthede tot verantwoordelikheid en vryheid ontvang het. Die ouers van hierdie groep het hulle ook verstaan en nooit oorheers of ook nie sonder toesig gelaat nie maar het hulle deur die nodige leiding onder gereelde toesig gehou [3].

STEVENS (1932) het dieselfde 13 vrae gestel aan 100 studente en 100 gevangenes wat min of meer dieselfde ekonomiese agtergrond gehad het en het gevind dat die rol van die huisgesin bepalend is vir die latere lewe van die adolessent [4].

TORRANCE (1945) het seuns uit opgebreekte huisgesinne vergelyk met seuns uit normale gesinne. Hierdie twee groepe het min of meer dieselfde I.K. en ouderdom gehad en hy het minder emosionele, sosiale en gesondheidsprobleme by die adolessente uit normale gesinne aangetref. Die

jongmense/...

1) Hurlock: Adolescent Development, 478.
2) Ibid. 478.
3) Ibid. 478.
4) Ibid. 478.

jongmense uit huisgesinne waar egskeidings voorgekom het, het die meeste probleme openbaar en waar een of albei ouers oorlede is, die tweede meeste [1].

DIMOCK (1937) het die invloed van die sosio-ekonomiese status van die huisgesin op die aanpassing van die adolessent nagegaan en gevind dat die seuns uit huisgesinne met 'n hoër sosio-ekonomiese status beter aangepas is, soos vasgestel kan word uit hulle gedrag [2].

Ouerlike oorheersing en onderwerping is deur SYMONDS (1939) ondersoek en hy het gevind dat kinders van dominerende ouers sosiaal beter aangepas is, meer voldoen aan die kode van gedrag van die gemeenskap of groep waaraan hulle behoort en ook meer gehoorsaam en onderworpe is. Hulle sal egter teruggetrokke en skugter wees, tekens van minderwaardigheid en onbekwaamheid toon maar billik wees teenoor ander mense. Kinders van ouers wat die kind 'n groot mate van vryheid gee, sal ongehoorsaam en onverantwoordelik wees, aggressief en onverskillig maar terselfdertyd ook onafhanklik en selfversekerd [3].

ANDERSON (1940) het oorbeskerming en verwerping van die kant van die ouers teenoor hulle kinders bestudeer en gevind dat die kinders karaktertrekke openbaar wat in verband staan met sekere karaktertrekke van hulle ouers, bv. kinders van liefdevolle ouers sal emosioneel stabiel, opgewek en gehoorsaam wees en graag saamwerk. Die kinders van dominerende ouers sal dikwels emosioneel gespanne en onderhewig aan uitbarstings wees en verder ook bakleierig en uitdagend en nie saamwerk nie, ens. [4].

SYMONDS/...

---

1) Hurlock: Adolescent Development, 479.

2) Ibid. 479.

3) Ibid. 480.

4) Ibid. 481.

SYMONDS (1938, 1939) het gevind dat die kinders wat deur albei ouers verwerp is 'n besondere mate van aktiwiteit en rusteloosheid openbaar. Op skool wil hulle aandag trek, is lastig, kan nie konsentreer nie, kan nie die nodige vaardigheid in hulle skoolwerk of in sport verwerf nie en toon tekens van misdadigheid terwyl hulle antagonisties teenoor die samelewing staan. Hierteenoor staan die aanvaarde kind wat sosiaal reg optree, saamwerk, vriendelik en lojaal, vertroubaar, opgewek en emosioneel stabiel is [1].

Die studie van CARTER (1940) gaan oor die ontwikkeling van die persoonlikheid van die enigste kind. Volgens sy bevindinge is die feit dat dit die enigste kind is nie voldoende om 'n geïsoleerde onaangepaste persoonlikheid te laat ontwikkel nie. Jongmense wat die enigste kind in die huisgesin is, kan ook normale aanpassings toon [2].

En so kan nog veel meer ondersoekinge genoem word, maar ons volstaan met bostaande aangesien die res slegs bevestig wat sover reeds behandel is.

Dit is belangrik dat die rol wat die huisgesin in die sosiale ontwikkeling van die adolessent speel, afneem [3] namate die jongmens ouer word en meer onder die regstreekse invloed van die samelewing kom deur aktiewe deelname aan sosiale bedrywighede. Hierdie faktore word al sterker om die vormende invloed van die huisgesin te versterk in gevalle waar dit dieselfde rigting inslaan, of andersins te verswak of selfs heeltemal uit te skakel. Die ouer adolessent wat minder deur huislike faktore beïnvloed word, ontvang egter nog gedurig indrukke wat blywend is. Selfs aan hom word nog dikwels deur die ouer lede van die gesin voorgeskryf wat om te doen. Hy ontvang raad, teregwysings en berispings en word selfs uitgeskel indien hy in hulle oë verkeerd handel [4].

Namate/...

---

1) Symonds: The Psychology of Parent-Child Relationships, 93.
2) Hurlock: Adolescent Development, 479.
3) Garrison: Psychology of Adolescence, 272.
4) Malm & Jamison: Adolescence, 27 - 28.

Namate die adolessent ouer word, ontstaan daar by hom 'n drang om weg te breek, om homself los te maak van die dominering en oorheersing van die gesin, om onafhanklik te dink en te handel en om sy eie bestemming as volwassene uit te werk. GARRISON noem dit „emancipation from family domination" [1]. Die doel van hierdie geleidelike emansipasie is om self volwasse status te betree en onafhanklikheid te verkry. Die adolessent verlang om los te kom van die dinge wat by 'n kind tuishoort en wil nou graag aan homself sowel as die hele wêreld wys dat hy volwasse is en in staat is om sy eie bestemming te beheers. 'n Diep verlange ontstaan dat die lede van die intieme kring van die huisgesin hom as volwassene sal erken en as sodanig sal behandel, sodat hy sy plek as volwasse indiwidu in die familiegroep en ander sosiale groepe kan inneem [2]. Die adolessent voel nou in staat en verkies ook om self verder sy lief en leed uit te werk. „He must achieve his own destiny through his own experiences, his own trials, errors and successes". [3] Teenstand van die kant van die huisgesin kan botsing veroorsaak en dit skyn of hy deur ongehoorsaamheid en botsing selfversekering vir sy nuwe status vind.

Ten spyte van die strewe tot emansipasie by die adolessent bestaan daar by hom 'n werklike behoefte aan die huisgesin. Die huisgesin en die ouers moet nog daar wees en die adolessent moet die versekering hê dat hy daar hulp sal kry indien hy miskien hulp nodig het. Dit is dan die belangrikste psigologiese funksie van die huisgesin, nl. om vir die adolessent 'n veilige hawe te bied in tye van probleme en nood en 'n plek waar hy sy vreugde met ander kan deel wanneer hy van geluk oorborrel.

Ten/...

---

1) Garrison: Psychology of Adolescence, 228.

2) Trow: Introduction to Educational Psychology, 363.

3) Blanchard: The Child and Society, 232.

Ten slotte nog enkele opmerkings oor daardie huisgesinne wat vir die sosiale ontwikkeling van die adolessent bevorderlik is of wat sy sosiale ontwikkeling benadeel. Die huisgesin waar die verskillende lede volkome en in harmonie by mekaar aangepas is, waar die een die regte van die ander eerbiedig en elkeen sy plig nakom, sal die sosiale ontwikkeling van die adolessent gunstig bevorder. So ook het die adolessent uit 'n huisgesin met 'n goeie sosio-ekonomiese status 'n beter agtergrond, is beter geklee en die posisie van sy ouers plaas hom op die voorgrond, sodat hy 'n voorsprong het bo die wat minder bevoorreg is [1). „Happy indeed is the adolescent fortunate enough to have a home and parents of whom he is proud". [2)]

Sommige huisgesinne is egter deur die dood van een of albei ouers opgebreek of die werksomstandighede is so dat die vader voortdurend van die huis af weg moet wees of die moeder werk buitenshuis. Wanverhoudings tussen die ouers kan soms voorkom, soos egskeidings, huweliksontrou, verdeeldheid en botsings in opvattinge van vader en moeder oor verskillende sake soos godsdiens, politiek, vermaak, ens., wat spanning en uitbarstings meebring. Verder kom ook nog voor onnetheid en onbehoorlike fasiliteite, gebrek aan goeie voedsel, geriewe en gesondheidsdienste wat nie alleen nadelig op die fisiese gesteldheid van die adolessent inwerk nie maar ook psigiese gevolge het soos 'n minderwaardigheidsgevoel, skaamte en selfs afguns [3)]. Finansiële gebrek in die huisgesin kan ook vereis dat die adolessent al sy vrye tyd aan ekstra verdienste moet bestee om in die behoeftes van die gesin te voorsien sodat hy beroof word van die geleentheid om sosiale omgang en ontspanning saam met andere van sy

eie/...

---

1) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 69.

2) Ibid, 71.

3) Malm & Jamison: Adolescence, 404.

eie ouderdom te hê. Adolessente uit die immorele huisgesin, d.w.s. waar die gesinslewe nie volgens die morele standaarde van die samelewing is nie, word hierdeur in hulle sosiale ontwikkeling benadeel. Voortdurende verhuising van die gesin van een omgewing na 'n ander plaas die adolessent telkens in vreemde situasies en vereis aanpassings by nuwe omstandighede. Die vernaamste is dat hy sy ou vriende verloor en verplig is om nuwe kennisse en nuwe vriendskap te vind [1].

(b) <u>Die skool as sosiale gemeenskap.</u>

As sosiale gemeenskap is die skool vir die adolessent van baie groot belang, selfs al verskaf dit net die arena waar daar 'n interaksie tussen adolessente bestaan [2]. Hy word in 'n klas geplaas saam met ander adolessente van min of meer dieselfde ouderdom en verstandelike ontwikkeling. In hierdie klas waar hulle 'n groot deel van die dag saam verkeer, moet daar noodwendig sosiale verhoudings ontstaan soos 'n spangees of klasgees waar die grootste mate van lojaliteit aan mekaar bewys word. Hier in die klaskamer het die adolessente ook met onderwysers te doen wat hulle noodwendig op een of ander wyse beïnvloed en het hulle ook met ander hoër of laer klasse te doen. Nie alleen vorm die klas 'n sosiale gemeenskap op skool nie maar ook die skoolkoshuise waar die leerlinge tuisgaan vorm sosiale gemeenskappe sodat die een koshuis 'n onderlinge saamhorigheid ontwikkel wat hulle selfs antagonisties teen 'n ander koshuis van dieselfde skool kan laat optree. Die skool as 'n geheel is ook 'n sosiale gemeenskap wat teenoor ander skole bestaan, sodat elke leerling sy eie skool as die beste beskou.

(c)/...

---

1) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 73.

2) Ausubel: Theory and Problems of Adolescent Development, 472.

(c) Ouderdomsgroepe of klicke as sosiale gemeenskap.

Ongeveer twee derdes van die adolessente aan 'n skool [1] het deel van die vorming van groepe of klieke bestaande uit 'n aantal leerlinge van dieselfde geslag of in die gemengde groepe uit 'n gelyke aantal van albei geslagte [2]. Dikwels is die groepe gevorm uit leerlinge van dieselfde klas van 'n skool, uit dieselfde koshuise of dieselfde woonbuurt [3]. Hierdie groep word dan die uitgangspunt van al die sosiale bydrywighede van die lede en in die groep vind ons ook die sterkste emosionele bande. In die groep vind die lede se interessantste besprekings plaas en vind hulle die meeste pret [4]. Die grootte van hierdie groepe wissel van vier tot 20 adolessente met 'n gemiddeld van agt lede [5].

Die onbewuste doel met die vorming van hierdie groepe is om normale sosiale verhoudinge en gesellige verkeer te bewerkstellig [6]. Die ouer adolessente se doel met die vorming van gemengde groepe is om lede van die teenoorgestelde geslag met mekaar in aanraking te bring en 'n soort beskermde geleentheid te verskaf aan seuns en meisies wat in mekaar belangstel om met mekaar in aanraking te kom.

In teenstelling met die gemis aan status wat die adolessent in die samelewing daarbuite ondervind, verkry hy in hierdie ouderdomsgroepe die status en erkenning waarna hy verlang. Dit dien ook as 'n belangrike oefenskool vir die adolessent in sy sosiale verhoudings [7] want dwarsdeur die dag en dag vir dag neem hulle saam deel aan die een aktiwiteit na die ander [8]. 'n Groot deel van die adolessent

se/...

1) Cole: Psychology of Adolescene, 219.
2) Volgens ons gegewens is dit slegs eenderde. Tabel XXXVII.
3) Furfey: Some factors influencing the selection of boys' chums.
4) Malm & Jamison: Adolescence, 116.
Ausubel: Theory and Problems of Adolescent Development, 341.
5) Cole & Morgan: Psychology of Childhood and Adolescence, 175.
6) Ibid, 175.
7) Ibid. 175.
8) Malm & Jamison: Adolescence, 125.

se lewe gaan dus om die belangstelling, aktiwiteite en houding van sy groep uit te lewe, sodat hierdie groep 'n rol in die lewe van elkeen van die lede speel. Elke adolessent sal daarna streef om deur sy groep aanvaar te word en sal tot groot uiterstes gaan om hierdie goedkeuring en aanvaarding van die groep te behou. Om af te wyk van die groep wat betref kleredrag, spraak, gewoontes, ja selfs die moraal, is vir elke lid van die groep eenvoudig net ondenkbaar en as dit tog gebeur, kom die straf van die groep dadelik en ook terdeë [1]. Die swaarste straf is natuurlik verwerping of uitsluiting as lid van die groep.

Daar is sekere eise wat die adolessent aan die groep stel en wat die groep weer aan hom as voorwaarde vir lidmaatskap stel. „The group must offer him security and fulfil some need in order that he may participate without undue strain. On the other hand, to be acceptable to the group he must conform to its beliefs and usages". [2] In die huisgesin is sosiale aanname vanselfsprekend want hy is deur geboorte lid van die gesin. In die sosiale lewe buite die gesin moet sy aanname eers verdien word en moet hy aangenaam wees in sy optrede, anders vind verwerping plaas. Daar sal dus altyd 'n goeie rede wees waarom 'n bepaalde seun of meisie in die groep ingesluit of uit die groep uitgesluit word.

Elke lid van die groep probeer bly by wat die leier of leidster vir hulle as voorbeeld stel en as hulle om een of ander rede moet afwyk, voel hulle baie ongelukkig daaroor. Selfs die leier van die groep wat die toon aangee, mag die kode of reëls van die groep nie oortree sonder verlies van die leierskap nie [3]. Die groep word in 'n groot

mate/...

1) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 117.
Cole & Morgan: Psychology of Childhood and Adolescence, 174.
2) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 160.
3) Ibid, 108.

mate deur sy omgewing beïnvloed en gevorm, sodat die verskillende groepe uit verskillende sosiale omgewings baie sterk van mekaar sal verskil. Groepe aan dieselfde skool en in dieselfde standerd mag verskil omdat die sosio-ekonomiese agtergrond van die verskillende lede wat elke groep uitmaak baie sterk verskil [1].

Dit is nie noodwendig dat alle adolessente deel sal vorm van hierdie groepe nie. Vir sommige is deelname aan die groepaktiwiteite onmoontlik omdat hulle tydens vry ure die een of ander werk moet doen om in die noodsaaklikste behoeftes te voorsien. Andere woon op afgeleë plekke en vervoerprobleme maak deelname aan hierdie aktiwiteite onmoontlik. Sommige adolessente verkies ook om nie deel te hê aan die groepvorming nie [2]. Dit kan miskien daaraan toegeskryf word dat hulle reeds te gou rypheid bereik het, of die weiering om daaraan deel te hê, kan dien as middel om vrees, mislukkings en onervarenheid te verberg, sodat hierdie adolessente al meer en meer tot hulleself ingekeer raak.

Wat die aktiwiteite van die groep betref, doen hulle nie juis iets besonders nie maar neem saam deel aan verskeie sosiale byeenkomste soos danse, partytjies, volkspele, pieknieks, ens. Hulle soek nie na avontuur soos in die kinderperiode nie maar as hulle saam is, sit hulle maar net stil en luister na die radio, gesels oor onbenullige dinge en vind avontuur daarin dat hulle oefening kry en ervaring opdoen in sosiale verhoudings [3]. Die gewildste aktiwiteite van hierdie groepe is bv. om saam toeskouers te wees by sportbyeenkomste, om in kafees te sit en gesels terwyl hulle iets nuttig, saam bioskoop toe te gaan, mekaar

te/...

1) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 158.

2) Ibid, 110.

3) Cole & Morgan: Psychology of Childhood and Adolescence, 176.

te besoek, te dans, ens. [1]. Die adolessent is nog genoeg van 'n kind om te speel en pret te hê saam met 'n hele klomp maats [2]. As volwassenes die groep sou afluister by hulle samekomste, sou hulle dit bestempel as 'n blote verkwisting van tyd en kragte. Dit gee hulle egter die geleentheid om te oefen hoe om gesprekke te voer in die teenwoordigheid van ander persone wat self nog onervare is, dieselfde flaters maak en nie beter of slegter as hulleself is nie.[3]

(d) Sportklubs as sosiale gemeenskap.

Tydens die adolessensie verlang die jongmens sterk na geleenthede om sy sosiale behoeftes ten volle te bevredig [4] en dit word in 'n groot mate deur deelname aan sportaktiwiteite gedoen. Wanneer die indiwidu besef dat deur samewerking meer bereik kan word, kom spanaktiwiteite tydens die adolessensie sterk op die voorgrond [5]. Deurdat adolessente saam aan sportsoorte deel het, vind heteroseksuele aanpassings op die sportveld ook plaas [6]. Wanneer die sekse dan begin meng, kom die sosiale aspek van verskillende sportsoorte op die voorgrond, wanneer groepsamespel en groepkompetisies die plek van indiwiduele kompetisies inneem [7].

Tydens die adolessensie speel die jongmense nog maar hulle hou nou van spele wat meer ingewikkeld is, meer vaste reëls het en wat 'n uitdaging aan hulle intelligensie bied. „The semisocialized play of late childhood gives way to highly socialized and keenly competitive sports during adolescence" [8]. Die adolessent is nou gewillig om

sy/...

---

1) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 159.
2) Malm & Jamison: Adolescence 116.
3) Cole & Morgan: Psychology of Childhood & Adolescence, 176.
4) Malm & Jamison: Adolescence, 439.
5) Garrison: Psychology of Adolescence, 141.
6) Malm & Jamison: Adolescence, 439.
7) Garrison: Psychology of Adolescence, 141.
8) Hurlock: Adolescent Development, 294.

sy persoonlike belange op te offer ter wille van die belange van die span want sukses of mislukking van sy span is vir hom van net soveel betekenis as persoonlike sukses of mislukking. Wanneer hierdie gesindheid by die jongmense posvat, is dit die aangewese oomblik om hulle in sportklubs te organiseer. Aan sekere sportsoorte neem lede van dieselfde geslag deel en sosiale aanpassing by hulle eie geslag vind plaas. Aan sekere sportsoorte kan albei geslagte deel hê sodat heteroseksuele aanpassings hier moontlik is. Belangrik vir die sosiale ontwikkeling van die adolessent is die lojaliteit wat hy aan sy sportklub en spanmaats of spanne van sy klub bewys. Die ondersteuning, moreel en andersins, wat hy sy span bied, is vir sy persoonlike sosiale ontwikkeling van groot belang.

By die middelbare skoolleerlinge is die sportklubs gewoonlik aan hulle skool verbonde sodat die lojaliteit en ondersteuning wat hulle aan hulle skool bied ook op die sportklubs oorgedra word. Maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie en sportklubs kan ook heeltemal los van die skool en sy aktiwiteite bestaan.

(e) Verenigingslewe as sosiale gemeenskap.

Die verenigingslewe verbonde aan die skool of heeltemal losstaande daarvan bied volop geleentheid vir die sosiale ontwikkeling van die adolessent. Dit kan 'n belangrike middel wees om die regte vryetydsbesteding by die jongmense aan te leer waar hulle in sosiale groepe optree. „Gang life thrives in those areas where there is a lack of wholesome and well-directed group activities" [1].

Die verenigings kan bestaan uit lede van dieselfde geslag, soos waar seuns en dogters apart georganiseer word in spanne van die Voortrekkerbeweging of Scouts of dit kan uit heteroseksuele groepe bestaan wat georganiseer word in

die/...

1) Garrison: Psychology of Adolescence, 278.

die debatsvereniging, volkspelelaer, landsdiensklub, ens. Hier word dan volop geleentheid gebied vir sosiale ontwikkeling en aanpassing by die eie geslag en ook by die teenoorgestelde geslag. Hierdie verenigings reël dikwels ook kampe wat baie bydra tot die persoonlikheidsontwikkeling sowel as die sosiale ontwikkeling van die lede [1].

'n Belangrike bydrae tot die sosiale ontwikkeling van die adolessent word gedoen deur die organisasies en verenigings wat die adolessente self in stand hou en self organiseer by 'n sentrale byeenkomplek soos 'n jeugsentrum wat deur volwassenes vir die doel daargestel word. Hier kom hulle byeen volgens hulle eie keuse en reël hulle eie vermaak [2].

Afgesien van die sosialiserende invloed van die verenigings op die adolessent skep dit ook geleentheid om hulle vrye tyd reg en nuttig te bestee. Veral die adolessente wat nie op skool is nie het heelwat vrye tyd en die gevaar bestaan dat vrye tyd sonder 'n doel die adolessent in aanraking met misdaad en ander antisosiale praktyke sal bring [3].

(f) Die kerklike lewe as sosiale gemeenskap.

Godsdiens neem 'n belangrike plek in die lewe van die adolessent in en help hom om die betekenis en waarde van die lewe te begryp [4]. Dit lei ook tot die vorming van hoë ideale van onselfsugtige diens en dit help die adolessent om selfbeheersing en selfdissipline te verkry. Godsdiens bied vir die adolessent vastigheid en 'n anker in die wêreld van wisseling en onsekerheid.

Soos op ander terreine in die lewe van die adolessent neem godsdiens egter nie elke oomblik die belangrikste

plek/...

1) Garrison: Psychology of Adolescence, 280/1.
2) Malm & Jamison: Adolescence, 440.
3) Garrison: Psychology of Adolescence, 287.
4) Ibid, 3.

plek in nie maar hy toon ook daarin 'n wisseling t.o.v. sy belangstelling. BINGLE sê: „Die mees aanneemlike opvatting omtrent die ontwikkeling van die religieuse belangstelling is dat die belangstelling gedurig afwissel met belangeloosheid .............. Op die een oomblik stel die adolessent baie belang in godsdiens en is ywerig om 'n godsdienstige lewe te voer en op die ander kere breek hy weer van alles af weg en gaan op in die genietinge van die lewe". 1)

Die kerk neem 'n besondere of unieke plek in t.o.v. die sosiale ontwikkeling van die adolessent. Dit gee besondere aandag aan die godsdienstige vorming van die mens en daardeur vind sy sosiale ontwikkeling ook plaas. In 'n mindere mate, omdat die kerk minder tyd tot sy beskikking het, werk die Sondagskool en Katkisasie net soos die skool as 'n sosiale gemeenskap van die adolessent. Later volg die belydenis klas en na binding aan die belydende kerk deur aflegging van belydenis van die geloof volg die kerklike verenigingslewe waaraan die adolessent nou deel het en verantwoordelikhede dra t.o.v. organisasie van funksies, kampe, ens., waarvan ons onder die vorige paragraaf meer gesê het. Waar daar in die kerk en kerklike verband soveel geleenthede geskep word vir die jongmens om met ander mense om te gaan, is die onregstreekse bydrae van die kerklike lewe van groot betekenis in die sosiale ontwikkeling van die adolessent.

(g) <u>Die samelewing daarbuite as sosiale gemeenskap.</u>

In die samelewing daarbuite as sosiale gemeenskap staan die adolessent in verhouding tot mense in die kommersiële en industriële lewe, handelaars en werkgewers sowel as ander werknemers. In hierdie sosiale gemeenskap kom die adolessent in aanraking met die koue werklikheid waar

geen/...

1) Bingle: Enkele godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerling, 49 - 50.

geen simpatie met hom betoon word in die stryd om te bestaan nie maar hy net soos al die andere maar moet inval en worstel om sy plek te behou. In hierdie gemeenskap het hy toegang tot al die mooi en aantreklike dinge wat die samelewing bied maar hy het ook toegang tot al die gevare, probleme, misbruike, wanpraktyke en sosiale euwels waaraan die volwassenes deel het.

Dit skyn asof die adolessent daardie kennis en ondervinding wat hy in die vorige gemeenskappe opgedoen het of waarin hy 'n gebrek geopenbaar het in die samelewing moet toepas, aanvul, versterk of die stryd gewonne moet gee en die weg wat die gemaklikste is moet volg, d.w.s. die weg na sy eie sosiale ondergang. In hierdie samelewing kom hy in aanraking met verskillende persone wat die een of ander invloed op hom uitoefen, soos ons later sal aantoon.

4. Persone met wie die adolessent in aanraking kom.

In sy wese is die adolessent sosiaal en daarom neem mense so 'n belangrike plek in sy lewe in. Dit is vir hom van die uiterste belang wat ander se houding teenoor hom is, of hy hulle goedkeuring verkry oor sy handel en wandel, wat hulle van hom dink en sê, m.a.w. of hulle hom aanvaar as 'n goeie en nuttige lid van die samelewing waaraan hulle deel het en hy ook deel het. Die mense met wie hy in aanraking kom, kan onderskei word in volwassenes, sy ouderdomsgroep, asook sy broers en susters in die huisgesin.

(a) Volwassenes met wie die adolessent in aanraking kom.

Die adolessent kom daagliks in aanraking met volwassenes, op watter terrein van die lewe hy hom ook al bevind. Ons onderskei volwassenes in die intieme huislike kring, nl. sy ouers, dan volg die onderwysers van die adolessent en uiteindelik die vreemde volwassenes in die samelewing daarbuite.

(i) Die ouers van die adolessent.

Die eerste volwassenes met wie die adolessent in aanraking kom is sy ouers, met die gevolg dat hulle voorbeeld 'n baie belangrike invloed op hom uitoefen. Korrekte aanpassings by die ouers sowel as enige wanaanpassings kan in die gedrag van die adolessente, seun of dogter, opgemerk word [1]. Hieronder val die verhouding van ouers tot hulle medemense en die verhouding van die ouers onderling, die verhouding tot hulle kinders, waaronder die adolessent self ook val, verhouding tot besoekers van die kinders, veral van die adolessent, ens.

As gevolg van die intieme familieband verlang adolessente dat hulle ouers 'n daadwerklike belangstelling in hulle handel en wandel sal toon. Dit gee hulle 'n mate van sekerheid en tevredenheid met hulle handelinge as hulle weet dat hulle ouers hulle belangstellend gadeslaan, nie om maar net te kritiseer of te berispe nie maar soos een vriend in 'n ander belangstel en goedkeuring betoon as hy reg optree [2].

'n Gees van kameraadskap plaas die huisgesin in 'n vriendelike, aangename eenstemmigheid. Ouers leer hulle kinders beter ken en vir die adolessente is dit aangenaam om saam met hulle ouers iets te doen of dinge te onderneem en op hierdie wyse van hulle ouers te leer [3].

Die adolessent se verhouding tot sy ouers kom duidelik op die voorgrond in sy sekerheid of twyfel dat hulle hom reg verstaan. Hy twyfel of sy ouers hom reg verstaan wanneer hy met hulle in botsing kom oor een of ander saak, soos wanneer hulle sy vriende afkeur of hulle hom dwing om besoek af te lê by vriende van die ouers in

wie/...

1) Vergelyk navorsings op bls. 22 tot 24 aangetoon.

2) Malm & Jamison: Adolescence, 419.

3) Ibid, 419.

wie die adolessent nie belangstel nie, die klere wat hulle vir die adolessent aankoop en watter keuse die ouers vir die adolessent doen met die oog op 'n toekomstige beroep, ens.

Die onderlinge verhouding tussen ouers en adolessente word ook bepaal deur die adolessent se sekerheid of twyfel aan die liefde van sy ouers vir hom, soos bv. wanneer die adolessent gestraf moet word, sy versoeke geweier of toegestaan word, sy vriende goed- of afgekeur word, hoeveel sakgeld en watter klere hy ontvang, ens. Indien die adolessent meen dat sy ouers hom onregverdig behandel deur hom te verhoed om die kanse wat hy kry te benut bv. t.o.v. studie of skoolverlating om 'n betrekking te aanvaar, die keuse van skoolvakke, ens., kan botsings ontstaan.

Die algemene houding van die ouers teenoor die adolessent is ook van groot belang. Hulle kan miskien te krities teenoor die adolessent staan en hom in sy persoon en gedrag veroordeel, buitengewoon straf, verwaarloos, ignoreer, inkonsekwent teenoor hom optree, agterdogtig wees en onwillig om geld aan hom te bestee of die kind beskou as 'n onwelkome toevoeging tot die huisgesin [1]. So 'n onwelkome adolessent ontvang geen liefde van die ouers nie en hierdie emosionele verwerping is vir hom nadeliger as onthouding van enige fisiese of finansiële voorregte. Die adolessent se reaksie hierop kan een of ander vorm van aggressie wees. Hy kan in opstand teen alles en almal kom, veglustig word, enigiets doen om aandag te trek, ooraktief word en so vir andere 'n las word. Hy kan selfs tot die ander uiterste oorslaan en homself aan die samelewing onttrek [2].

Die goedkeuring en liefde van sommige ouers kan alleenlik gewen word deur buitengewone goeie, terughoudende

gedrag/...

---

1) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 55.

2) Ibid, 56.

gedrag wat aan hulle eise voldoen. Enige oortreding van wat die ouers verbied, bring hom hulle afkeuring op die hals, sodat hierdie adolessent gedurig vrees dat hy iets teen hulle sin mag doen want alleenlik deur besonder goeie gedrag wen hy hulle toegeneentheid [1].

Oorbeskerming en bederf van hulle kinders kom dikwels ook voor, veral waar ouers die adolessente nog langer onder hulle toesig en beskerming wil hou wanneer hulle reeds na selfstandigheid streef en wil loskom van die ouerlike toesig. Oorbeskerming beroof die adolessent van sosiale omgang met ander seuns en dogters, sodat hy nie leer hoe om op sy gemak te wees in die geselskap van ander van sy eie ouderdom of om by hulle ook belangstelling in hom te wek nie. Die adolessent kan dan nie leer om selfstandig op te tree nie en ons kry die weifelaar wat na ander moet gaan vir beslissings oor dinge waaroor hy self kon besluit [2].

Sommige ouers gee aan al die versoeke van hulle adolessente kinders toe, doen alles vir hulle, wy al hulle beskikbare tyd aan die adolessente, gee hulle baie sakgeld, voorregte, ens. Die adolessent wat so 'n oormaat van aandag en liefde tuis ontvang, verwag om in die samelewing daarbuite dieselfde hoeveelheid van alles te ontvang en wanneer hy dit nie kry nie, kan dit tot allerlei wanaanpassings lei [3].

Botsings tussen adolessente en hulle ouers kom dikwels voor en kan toegeskryf word aan die strewe na vrywording uit die bande van die huisgesin, 'n strewe wat tipies van die adolessensie is en botsings kan veroorsaak as die ouers daarteen weerstand bied en die adolessent nie as volwassene wil erken nie [4]. Hierdie botsings kan gaan oor

die/...

---

1) Malm & Jamison: Adolescence, 395.
2) Ibid, 391/2.
3) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 50.
4) Kuhlen: The Psychology of Adolescent Development, 573.

die liefdevolle pogings van die ouers om die adolessente te beskerm teen ongewenste leesstof, vriende en geselskap, veral wanneer die adolessente die aand wil uitgaan en die ouers hulle toestemming weier of wanneer hulle te laat tuiskom nadat hulle die aand uitgegaan het. Adolessente seuns kom meer in botsing met hulle ouers oor sake soos gebruik van die motor, sakgeld en vordering op skool terwyl die adolessente meisies met hulle ouers bots oor sake soos huislike pligte en werkies, deelname aan sosiale aktiwiteite, kleredrag, aard van partytjies, ens. Botsings is egter nie noodwendig nie en kan verhoed of ten minste baie beperk word deur 'n onderlinge goeie verstandhouding en taktvolle optrede.

Die verhouding van die adolessent tot elkeen van die ouers afsonderlik kan nagegaan word deur 'n studie van die sake wat hy met elkeen van die ouers bespreek, sake wat vir die adolessent van belang is en sy vreugde of smart bepaal, bv. skool- of sportprestasies, verhouding of botsing met persone van dieselfde of die teenoorgestelde geslag asook fisiese en geestelike probleme wat met een of albei die ouers bespreek word.

Die moeder is die vertroueling van die meeste adolessente, seuns sowel as meisies, en daarom is dit vir die moeder dikwels moeilik om te besef dat haar „kindjie" nou volwasse is en nie meer vertroetel en beskerm wil wees nie [1] maar 'n kans wil hê om selfstandig op te tree en te ontwikkel tot 'n eie persoonlikheid. Die adolessente kom na die moeder met hulle versoeke en vrae oor verskillende sake en as die vader se toestemming nodig is, word dit deur middel van die moeder verkry. Die moeder wat met die adolessent op intieme wyse verkeer, het ook die geleentheid om die vertroueling te wees en oor intieme sake met die

jongmens/...

1) Garrison: Psychology of Adolescence, 231.

jongmens te gesels. Dit is dan ook die kans en geleentheid van die moeder om sulke sake soos sekskennis, inligting oor etiket, verhouding tussen die twee geslagte, ens., aan die adolessent mee te deel. In gevalle waar die moeder verplig is om uit te werk, en bedags weg is verloor die adolessent hierdie vormende invloed.

Dit spreek vanself dat gebreke in die karakter, temperament of persoonlikheid van die moeder ook hulle nawerking in die lewe van die adolessent sal hê. Die adolessent kan dieselfde weg volg na die voorbeeld van die moeder of hy kan in opstand daarteen kom en selfs die moeder verag waar hy homself teen daardie nadelige invloede moet handhaaf. Dit is veral die geval met adolessente uit huisgesinne waar die vader of die moeder 'n immorele lewe lei en die adolessent die gevolge daarvan in sy ouderdomsgroepe moet dra deurdat hy nie volkome in die groepe aanvaar word nie.

Die vader vervul dikwels net die rol van broodwinner en beteken niks in die lewe van die adolessent nie omdat hy weens werksomstandighede ver van die huis af moet bly en slegs af en toe tuis kom. By die geleenthede wanneer hy tuis is, moet hy miskien streng optree teenoor die adolessente wat in sy afwesigheid wangedrag teenoor die moeder geopenbaar het, sodat daar heeltemal 'n vervreemding tussen vader en die adolessente seun of dogter mag ontstaan. Gebreke in die persoonlikheid, karakter of temperament van die vader kan ook hulle nawerking in die adolessente kinders hê deurdat dit miskien die nagevolg het dat die vader daardeur verag word en die jongmens homself daarteen moet beskerm [1].

Die vader kan egter ook die rol vervul van raadgewer en leier. As die adolessent 'n fout begaan het en

in/...

1) Malm & Jamison: Adolescence, 395.

in 'n moeilike situasie verkeer, kan hy na die vader kom om hulp. Deur verstandige benadering en redenering oor die saak het die vader die geleentheid om die adolessent te leer hoe om op 'n sekere manier wat as die regte beskou word, op te tree. Dan besef hy ook dat straf wat deur sy ouers opgelê word 'n middel is om hom te leer doen wat reg en goed is [1]. Indien die adolessent verstaan waarom hy straf kry en besef dat hy gefouteer het, is sy houding heeltemal anders daarteenoor as wanneer hy eenvoudig net straf sonder meer ontvang. As die straf redelik is en hy besef dat hy dit verdien het, sal die adolessent dit aanvaar en nie by sy ouers valse motiewe vir die straf soek nie [2]. Indien die adolessent egter onskuldig gestraf word of meen dat die straf buite verhouding tot die oortreding is, sal hy verbitterd voel en die ouer wat dit toegedien het nooit vergewe nie. Straf bly in elk geval maar 'n onaangename taak vir die ouer sowel as vir die adolessent, veral omdat die jongmens verneder voel as hy gestraf word [3]. „Nevertheless, there is enough evidence to indicate that some form of dicipline, whether by punishment, scolding or deprivation is more or less indispensable" [4].

(ii) Die onderwysers van die adolessent.

In die klassituasie sowel as in buitemuurse bedrywighede kom die onderwyser gedurig in aanraking met die adolessente en oefen 'n belangrike invloed uit op hulle sosiale ontwikkeling. Geleidelik neem die onderwyser op skool die plek van die ouer in en maak die breuk van die adolessent met sy huisgesin vir hom makliker. Alles wat

die/...

1) Malm & Jamison: Adolescence, 419.
2) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 62.
3) Malm & Jamison: Adolescence, 410.
4) Schneiders: The Psychology of Adolescence, 406.

die ouers voorheen gesê het, is in die voorskoolse tydperk aanvaar maar by die skoolkind word dit dikwels betwyfel in die lig van feite wat die kind op skool bekom. Die skool verskaf ook geleentheid vir die interaksie tussen die adolessent en volwassenes, d.w.s. sy onderwysers(-esse)[1]. Adolessente reageer teenoor die onderwysers as persone, sodat dit bepaal of hulle van die onderwysers hou of nie en of hulle met die onderwysers oor die weg kom of nie. Verskeie eienskappe van die onderwysers word waardeer en ander weer afgekeur deur die adolessente. „Whereas pupils admire teaching skill, clarity, task-orientation and good classroom controll, they are equally appreciative of fairness, impartiality, friendliness, patience, cheerfulness and sympathetic understanding. They like teachers who are interested in pupils, who are helpful, kind and considerate of their feelings" [2]. Dit is dan ook te begryp dat sommige leerlinge nie met al hulle onderwysers(-esse) oor die weg kom nie en dikwels met hulle bots oor een of ander saak.

In die oë van die adolessent vervul die onderwysers die rol van vriende, opponente of vaardige en ervare persone wat die leersituasies betref. As vriende is hulle ouer en wyser en kan optree as raadgewers, helde, persone wat aan hulle sekuriteit verskaf en soms maats is. As opponente is hulle die mense wat tussenbei tree en hulle pret bederf sodat hulle uitoorlê moet word. As vaardige persone in leersituasies is hulle mense met mag en gesag wat gerespekteer en gevrees moet word [3].

Onderwysers is ook die skywe waarop adolessente hulle aanslae op volwassenes loods hoewel hulle aanvaar word as noodsaaklike euwels om die kennis te verkry wat nodig is

om/...

1) Ausubel: Theory and Problems of Adolescent Development, 477.

2) Ibid, 477.

3) Ibid, 478.

om hulle doel in die toekoms te bereik. Adolessente self beskou hulle onderwysers ook as persone wat die lewe van die jongmense op verskillende maniere beïnvloed en hulle meen dat die onderwysers 'n konstruktiewe rol speel in die daarstelling van 'n gewenste verhouding tussen adolessente en volwassenes.

Tussen die adolessent en sy onderwysers bestaan daar 'n besondere verhouding deurdat hulle die onderwysers goed ken en vertrou. Hulle sal nie graag voor hulle onderwysers wil verbrou of die dinge wat hulle in die klaskamer bespreek het en as ideale gestel het omver wil werp nie. Die adolessent verlang dan ook intens daarna dat die onderwysers sy handel en wandel sal goedkeur sodat 'n aanmoedigende en bemoedigende woord tot die adolessent gerig vir hom van besondere waarde is.

Die verantwoordelikheid van die onderwyser kom daarin op die voorgrond dat hy optree as plaasvervangende ouer, sodat hy versigtig moet wees in sy persoonlike optrede en voorbeeld wat hy stel aan die adolessente wat aan sy sorg toevertrou is. 'n Gesonde sosiale verhouding tussen die adolessente en hulle onderwysers dra verder baie by tot die vorming van gesonde sosiale verhoudings met volwassenes oor die algemeen.

(iii) Die adolessent en vreemde volwassenes.

In die daaglikse lewe kom die adolessent dikwels toevallig in aanraking met verskeie volwassenes in die sakewêreld. Waarskynlik onbewus gaan daar 'n invloed van hierdie volwassenes op hom uit maar dit is tog baie belangrik in sy sosiale ontwikkeling. Soms voel die adolessent ontevrede oor die wyse waarop volwassenes hom behandel, veral omdat hy geleidelik bewus word van die feit dat hy nie meer 'n kind is nie en dan ook nie soos een behandel wil word nie.

Volwassenes/...

Volwassenes neem soms die houding in dat die jeug van hulle dae baie anders was, gewoonlik veel beter, as die jongmense van vandag, sodat hulle afkeurend staan teenoor alles wat die adolessente doen. In teenstelling hiermee kan volwassenes die tydperk van adolessensie ook te gewigtig maak en te veel aandag kan gegee word aan die stryd, moeilikhede of probleme van die jeug. Dit werk juis nadelig in op die adolessent want te veel aandag aan die jongmens maak hom onrustig en wantrouig en maak dit baie moeilik vir hom. Die adolessent het wel behoefte aan leiding van die kant van volwassenes maar dan moet dit gebalanseerd wees. „De psyche der jeugd heeft in de eerste plaats behoefte aan een rustige, nuchtere kalme leiding, die zich van de onevenwichtige uitvallen naar links en naar rechts niet te veel aantrekt." 1)

Daar bestaan dikwels 'n stryd tussen adolessente en volwassenes waar die volwassenes hardnekkig weier om aan die jeug sekere regte en voorregte toe te staan en baie kosbare energie gaan in hierdie stryd verlore want die jeug is gewillig om op te offer vir die ideale waarvoor hulle staan.

Voor vreemdesen in vreemde situasies kan die adolessent senuweeagtig word en verskynsels openbaar soos om te stotter as hy moet praat, hoewel sommige so selfversekerd is dat dit nooit met hulle gebeur nie. Senuweeagtigheid in optrede kan voorkom voor vreemde volwassenes en ook voor persone van die teenoorgestelde geslag.

Om gesprekke met vreemdelinge te voer, is vir sommige adolessente baie moeilik maar vir andere weer maklik. Hulle vind dit moeilik omdat hulle nie weet waaroor om te gesels nie, bang is dat die vreemdeling dalk nie met hulle wil gesels nie of sal lag oor die dinge wat hulle sê, bang is/...

1) Waterink: Puberteit, 20.

is dat hulle taal dalk nie goed is nie of skaam is vir grootmense. Adolessente kan ook die gevoel koester dat ander persone hulle altyd kwaad wil aandoen en dan teruggetrokke word in hulle sosiale omgang en nie op die voorgrond en in aanraking met vreemde volwassenes wil kom nie.

(b) Kinders en jeugdiges met wie die adolessent in aanraking kom.

By die adolessent is daar 'n werklike behoefte aan omgang met andere soos hyself wat ook nog onvolwasse en met dieselfde probleme, lief en leed as hy is. „Boys and girls require not only affection and acceptance in their homes, but the opportunity of taking a responsible share in the activities of their companions - in working hours as well as in moments of leisure".[1] Onder die persone met wie hy in aanraking kom van sy eie ouderdom of jonger word sy broers en susters, lede van dieselfde geslag asook lede van die teenoorgestelde geslag uit sy ouderdomsgroep ingesluit.

(i) Die rol van broers en susters in die sosiale ontwikkeling van die adolessent.

Jonger broers en susters speel 'n belangrike rol in die sosiale ontwikkeling van die adolessent. Hy kry die kans om sosiale handelinge eers op die jongeres uit te toets of daarmee te eksperimenteer voordat hy dit in die praktyk in die samelewing daarbuite gaan toepas. Ook wanneer sy ouderdomsgroep hom nie aanvaar nie, kry hy deur middel van sy omgang met broers en susters geleentheid tot uiting van daardie sosiale behoeftes wat hy voel. Ons kan dit „social outlets" noem [2].

Botsings tussen broers en susters kom dikwels voor waar hulle baie ure elke dag saam moet deurbring in dieselfde huis en dieselfde beskikbare fasiliteite geniet [3].

„This/...

1) Fleming, (Ed.): Studies in the social Psychology of Adolescence, Foreword, vii.

2) Horrocks: The Psychology of Adolescence, 66/7.

3) Ibid, 65.

„This is doubtless inevitable with young people living in the intimate situation of the home, and if not carried to excess it is probably not damaging". 1) Hierdie wrywings moet meer gesien word in die lig van 'n oefenskool waar hulle die aanpassings by andere leer. Onder die verstandige leiding van die ouers sal hierdie aanpassings volkome ontwikkel en geen moeilikhede veroorsaak nie. Die adolessent begeer egter dikwels om alleen en weg van die geselskap van hierdie jonger broers en susters te wees en sekere dinge ook vir hulle te verberg. „With the attention of adults so often upon him, he needs at times to be safe from prying eyes and free from distractions". 2)

Die probleme van die enigste kind is voor die hand liggend. Hy het nie die voorreg van sosiale omgang met broers en susters nie en ontbeer dus die oefening wat hy daardeur sou kry omdat hy niemand het wat vir hom as proefpersoon kan dien nie. Die enigste kind het geen speelmaats nie en dis moontlik dat sy ouers groter emosionele eise aan hom mag stel, oorbekommerd oor hom sal wees en te veel in die geselskap van die adolessent sal verkeer. Dieselfde probleem ontstaan waar die adolessent die jongste in die huis is en die ouer broers en susters al die huis verlaat het 3).

(ii) <u>Die rol van jongmense van dieselfde geslag in die sosiale ontwikkeling van die adolessent.</u>

Dit is vir die adolessent noodsaaklik dat andere van sy geslag en ouderdomsgroep sy doen en late moet goedkeur. Hy wil nie afwyk van die gedrag van die engere groepe of klieke sowel as die wyere groepe waarmee hy op skool, op die sportterrein, in die verenigingslewe, ens. in aanraking kom nie. In die geslote groepe of klieke wat bestaan

uit/...

---

1) Malm & Jamison: Adolescence, 411.

2) Ibid., 404.

3) Vergelyk die bevindinge van Carter bl.24

uit lede van dieselfde geslag vind sosiale aanpassing in 'n groot mate plaas. Dit is hier waar die adolessente lojaliteit en hulpvaardigheid teenoor mekaar leer en oefen in gesprekke met mekaar waar die een nie verder ontwikkel het as die ander nie en almal nog maar dieselfde foute begaan. Hier vind die interessantste gesprekke plaas oor verskillende sake waarin hierdie groepe belangstel. Hulle leer van mekaar en leer mekaar in die proses van sosiale ontwikkeling en aanpassing waaraan hulle almal deel het.

(iii) Die rol van jongmense van die teenoorgestelde geslag in die sosiale ontwikkeling van die adolessent.

Wanneer die belangstelling in die teenoorgestelde geslag by die adolessent ontwaak, word dit vir hom baie belangrik om aantreklik te wees in die oë van die lede van die teenoorgestelde geslag, sodat hy 'n emosionele reaksie by die lid van die teenoorgestelde geslag kan wek. Hy skep behae daarin om in die teenwoordigheid van iemand van die teenoorgestelde geslag te verkeer en hierdie persoon laat die beste in hom tevoorskyn tree. Namate hulle ouer word, word die verhouding tussen die adolessente van die teenoorgestelde geslag meer romanties en gevoelvol, word meer bepaal in die rigting van die keuse van 'n lewensmaat sodat die verhouding baie bestendig word [1].

Omdat die adolessent goed wil vertoon voor lede van die teenoorgestelde geslag, sal hy nie iets doen wat hom die afkeuring van hierdie persoon op die hals haal nie. By elke adolessent is daar 'n werklike behoefte aan 'n intieme vriend of vriendin van die teenoorgestelde geslag en hy hou net een aan as gevolg van sy ideaal van getrouheid aan die persoon of omdat hy hom nie kan vereenselwig met kokettery nie.

(5)/...

1) Ausubel: Theory and problems of Adolescent Development, 424.

(5) Samevatting: Opvoeding en die sosiale vorming van die adolessent in die gemeenskappe waarin hy hom bevind.

Reeds vanaf die vroegste tye is die adolessensie erken as een van die ontwikkelingsfases van die mens en as 'n fase met besondere kenmerke en probleme en dus ook 'n fase wat besondere aandag in die opvoedkunde verdien. Aanvanklik is die fisiese puberteitsveranderinge by meisies deur fisioloë bestudeer totdat G. STANLEY HALL (1882) op die noodsaaklikheid van 'n psigologiese studie van die adolessent gewys het. Aandag aan die psigologie van volwassenes aan die een kant en die psigologie van die kind aan die ander kant het die studie van die adolessent agterweë laat bly. In Amerika het die opkoms van die studie van die godsdiens van die adolessent hierdie fase baie sterk beklemtoon. In Duitsland het sterk kritiek op die metodes van die Amerikaners sonder dat iets beters in die plek daarvan gestel is die studie van die adolessensie vertraag tot na die eerste wêreldoorlog, alhoewel daar al die tyd 'n behoefte aan kennis van die jeug bestaan het. Na die oorlog is baie goeie vordering gemaak.

Ondersoekingswerk oor die sosiale aspek in die psigiese lewe van die mens het gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu nie veel bereik nie. Met die oorgang tot die tweede helfte van die negentiende eeu is aandag aan sosiale aspekte in die gedrag van die mens gegee, veral deur sosioloë wat die sg. groepgees, nabootsing, suggestie, inlywingseremonies van primitiewe volkere, ens. bestudeer het. McDOUGALL (1908) het hierdie ondersoekingswerk bevorder met sy instinkteleer wat enersyds heelhartig ondersteun is maar andersyds die anti-instinkbeweging aan die gang gesit het.

Spesialisasie in een of ander aspek van die adolessensie is kenmerkend van hierdie eeu. Die aandag van

indiwiduele/...

indiwiduele ondersoekers is toegespits op die fisiese en fisiologiese, godsdienstige, emosionele, verstandelike, ens., m.a.w. op die ontwikkeling van die adolessent op een of ander terrein of selfs die verskyning van wangedrag by die jeug. Een van hierdie aspekte is die sosiale ontwikkeling van die adolessent wat in hierdie ondersoek aandag geniet het.

Ten slotte wil ons daarop wys dat kompilasiewerke deur verskillende skrywers wat elkeen op een of ander terrein gespesialiseer het, onderneem is omdat die ondersoekings oor die adolessent te uitgebreid en omvattend geword het.

Die opvoeding van die adolessent behels aan die een kant die opvoeders, d.w.s. alle mense wat bewus of onbewus, opsetlik of onopsetlik meehelp in die bereiking van die opvoedingsdoel wat vir die adolessent gestel is. Die opvoedeling aan die ander kant is die adolessent as mens, fisies sowel as psigies, indiwidueel terwyl hy ook leef in 'n bepaalde tyd en 'n bestemming het in die ewigheid.

Een van die nabysynde doeleindes in die opvoeding van die adolessent is sy sosiale ontwikkeling en vorming. Volgens DEWEY moet hy opgevoed word tot 'n indiwidu wat nie alleen in sy eie behoeftes kan voorsien nie maar ook iets tot die welsyn van die gemeenskap kan bydra.

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent vind plaas in daardie sosiale gemeenskappe waarin hy hom bevind en waarin hy daagliks beweeg. Sy ouerhuis is sy eerste en intiemste sosiale gemeenskap en van die lede van die gesin sowel as die gesin as geheel gaan 'n bepalende opvoedende invloed uit op sy sosiale ontwikkeling. In die huisgesinne waar daar harmonie, eensgesindheid, liefde, lojaliteit en 'n onderlinge goeie begrip heers, word die adolessente die

beste opgevoed. Vanuit die huisgesinne waarop die adolessent nie met reg trots kan wees nie gaan 'n nadelige vormende invloed uit, sodat die adolessent hom soms daarteen moet handhaaf en beskerm.

Vanaf die huisgesin word die ouerlike gesag oorgedra op die skool met onderwysers(-esse) wat opsetlik en bewus die opvoedingsdoel met die adolessent nastreef en daardeur 'n vormende invloed op sy sosiale ontwikkeling uitoefen in die klassituasie sowel as in enige buitemuurse bedrywighede.

Op skool kom die adolessent ook in aanraking met klasmaats wat onopsetlik en onbewus meehelp in sy opvoeding. In die wisselwerking tussen adolessente in groepe vind ook sy sosiale ontwikkeling plaas. Hierdie groepe kan voorkom in klieke wat bestaan uit lede van dieselfde geslag of kan in gemengde groepe georganiseerd wees. In die sosiale omgang en bedrywighede wat hulle saam onderneem, werk hulle opvoedend op mekaar in, leer van mekaar en leer mekaar. Aan hierdie groepe word lojaliteit en getrouheid bewys en dit dien as oefenskool vir al sy sosiale bedrywighede. Om aan die eise van die groepe en sy maats te voldoen, moet hy selfbeheersing leer beoefen en opofferings doen sodat die opvoedende waarde van die groepe baie sterk is.

In of buite die skoollewe word adolessente ook georganiseer in sportklubs wat verband hou met die begeerte van die adolessent om in spanne en saam met ander mense soos hyself op die sportvelde op te tree. Heteroseksuele aanpassings kan ook deur middel van sport plaasvind waar die twee geslagte saam aan tennis, jukskei, ens., deelneem. Sosiale opvoeding van die adolessent vind plaas deur die aanleer van sulke deugde soos onselfsugtigheid, samewerking, lojaliteit, pligsgetrouheid, ens. Die adolessent neem

graag/...

graag deel aan sport wat nie alleen liggaamlike inspanning vereis nie maar ook verstandelike inspanning, maar die voorwaarde daaraan verbonde is dat dit in teenwoordigheid van mense moet wees.

In die verenigingslewe word die adolessent opgevoed tot korrekte vryetydsbesteding en kry hy die volle geleentheid om met ander van sy eie of teenoorgestelde geslag en met dieselfde belangstelling as hy om te gaan. Hierdie verenigings kan onder leiding en toesig van volwassenes staan of deur die adolessente self in stand gehou word.

In die kerklike lewe waarby Sondagskool, katkisasieklasse en jeugverenigings betrokke is, word saam met die geestelike opvoeding ook sosiale opvoeding gedoen, deur opvoeders opsetlik of deur maats onopsetlik.

In die samelewing daarbuite kom die adolessent in aanraking met die koue werklikheid waar die stryd om te bestaan voortwoed en baie min mense met sy indiwiduele probleme en moeilikhede simpatie het. Noodgedwonge moet hy dan daardie kennis, ondervinding en vaardighede wat hy in sy opvoeding in die ander gemeenskappe opgedoen het hier toepas, aanvul en uitbou deur nuwe ondervindinge.

In al hierdie gemeenskappe staan die adolessent in verhouding tot mense wat sy meerderes, gelykes of minderes kan wees en wat almal bydra tot sy sosiale opvoeding en ontwikkeling.

- - - - - - - - - - - - - -